PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag

6 Mei 2018

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

Oggenddiens	***Lof-en aanbiddingdiens***	***Aanddiens***
09:00	***17:00***	***18:30***
dr. Braam Krüger	*dr. Braam Krüger*	*ds. Louis Aucamp*
Tema 3, week 3		
Skrifgedeelte: Joh. 11:1-16; 33-44	*Skrifgedeelte: Gal. 3:1-6*	*Skrifgedeelte:*
Fokusvers: Jh. 11:14	*Fokusvers: Gal 3:6*	*Fokusvers:*
Tema: Wees bly dat God jou laat groei, ook in jou swaarkry-tye!	*Tema: Aanvaar met dankbaarheid dit wat jy nie verdien nie.*	*Tema:*

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE EREDIENS.

KOINONIA - Ons gee om vir mekaar

MEEGEVOEL:

- *Ons innige meegvoel gaan uit na Joe Duvenage en sy gesin. Joe se ma, Christien Duvenage is Maandagoggend 30 April oorlede. Die begrafnis was Vrydag, 4 Mei in Koster.*

VOORBIDDING

- Willie Dauth, pa van br Carel, is in die OR Tambo Hospitaal opgeneem met 'n bloedklont in sy lies.
- Braam Krüger se susterskind (Liezel, dogter van Amé Greef) is ernstig siek in George met 'n bloedklont in die long.
- Sr Susan Botha se bloedsiekte het omgesit in leukemia. Sy word in Dolphin Corner Hospice versorg.
- oom Chris Notnagel sterk aan in die "step down" in Northmead.
- Tannie Rita Kotze is steeds in die ICU met longontsteking
- oom Piet Mckay word behandel vir prostaatkanker.
- Sr Jaap Bekker ondergaan toetse (mammogram).

Ons dink aa hierdie lidmate en hul families in ons gebede en dra hulle aan die Here op.

GELUKWENSING:

- *Zanel Haasbroek en Lelanie Cronje het graad ontvang. Baie geluk!*
- *Baie geluk aan Lion en Adelle du Plessis met die doop van hul dogtertjie, Mia, vandag 6 Mei.*

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK			
DAG	**TYD**	**GELEENTHEID**	**KONTAKPERSOON**
Maandag	09:30	Rynpark 5 Bybelstudie	Adrie Goede
	19:00	Kom vra jou vrae	Braam Kruger
Woensdag	19:00	Kerkraadsvergadering	Fritz Haasbroek
Donderdag	18:30	Hemelvaartsdiens	Ina Bolt

HEMELVAARTSDIENS

DONDERDAG 10 MEI 2018

18:30

Met die hemelvaart het Christus die ewige Koningskap opgeneem. *Alle dinge is aan Hom onderwerp, en Hy heers oor elke owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word* (Ef 1:19-23). Alles wat dus op aarde gebeur, staan in die teken van Sy koningskap.

Almal hartlik welkom!

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Willem Reinecke
15 April	Schalk Venter

Attestaat-nuus

Attestaat ontvang van Wessel Swanepoel vanaf GK Kemptonpark-Noord.

Simfonia Juventi Konsert met sop en sjerrie Grandioso Heidelberg

Saterdag 19 Mei 2018
17:30
Hoërskool Volkskool, Heidelberg,
1 Jacobsstraat, Heidelberg

Kom ondersteun ons fondsinsameling vir ons Koningskinders Evangelisasiewerk.

Jaarliks bereik ons ongeveer 100 kinders waarmee ons 'n week lank kamp en asseserings doen, en dan vind daar opvolgwerk by die skole en in sommige huise plaas. Ons en Nigel het 2017 'n baie geseënde Evangelisasie-aksie gehad en daar is sprake dat Brakpan ook vanjaar daarin gaan deel.
Ons bied die Simfonie konsert opvoering aan op 19 Mei. U kan aanlyn bespreek. Daar is kaartjies van R70 tot R300 pp. Alle kaartjies sluit 'n ete en verversings tydens pouse in.

Gebruik die skakel onder vir meer besonderhede en om te bespreek:
http://qkt.io/8FJMpH

Vir verdere navrae Kontak my by 0845988194 of, vir verkope, Charl du Plessis by 0832782191

VERJAARSDAE 6 - 12 Mei

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER!

DAG	NAAM	KONTAK NO.
Vandag 6/05	Nerine Oosthuizen Stefan Coetzee Mynhardt Veldhuizen ☺	076 890 7430 083 785 2713
Maandag 7/05	Pieter Classen * Bertie Markram Sonia van Krieken ☺ Kayla Scholtemeyer ☺ Bradley Erasmus ☺	082 976 3567 074 589 0658
Dinsdag 8/05	Hein Terblanche Marleze Reinecke BJ du Randt	083 306 3012 073 942 5434 082 789 5918
Woensdag 9/05	Stefan Potgieter Linda Damons René Bosch Tjaart van der Walt ☺ Quintin Nel ☺	083 305 8024 073 228 5620 082 564 3277
Donderdag 10/05	Dinie Veenstra * Mishca Johnson ☺	082 350 5863

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

PINKSTERSONDAG
20 MEI - PINKSTERSANGDIENS @ 17:00

Pinkster is 'n Joodse fees wat 50 dae na die Pasga gevier word. Dit staan in die Bybel bekend as die "Fees van Weke" (Lev 23:15-21; Deut 16:9-10), 'n oesfees wat met groot vreugde en feesviering gevier is vir die oes wat ingesamel is. In die tyd van die Nuwe Testament is die fees ook verbind aan die gee van die Wet, die Tora, op Sinai. In Handelinge 2:1 lees ons van die uitstorting van die Heilige Gees tydens hierdie fees. Dit is die **geboortedag van die Kerk van Christus, die dag dat die Here begin het om Sy oes in te samel**. Op hierdie dag is die dissipels bemagtig om die evangelie van Jesus oor die hele wêreld uit te dra.

Die tyd tussen Paasfees en Pinkster is die belangrikste tyd in die kerkjaar, en neem dieselfde plek in in die kerkjaar as wat Sondag in die week inneem.

Die kleur van Pinkster is **vuurrooi** wat die *vuurtonge* wat op die dissipels neergedaal het, simboliseer. Dit simboliseer ook die vuur wat in die *harte van mense brand om die liefde van God in die wêreld sigbaar te maak.*

OMGEWINGSPITKOS

Psalmdigters verlustig hulle graag in die gebooie van die Skrif wat hulle liefhet (Ps 119 : 47, 48) en God se openbaring in natuurbelewenisse (Ps 19). Dit is omdat hulle dié geestelike en aardse lusoorde geken het om immer die reinheid daarvan te toets teen besoedeling wat die wêreld bied. Gehoorsaamheid aan God en dankbaarheid oor sy groot verlossing, hou dus ook in dat jy jou ingesteldheid teenoor ons gebroke aardse huishouding veral in jou kleine lewenskring met toewyding moet verbeter. Leer dan wat dit inhou om jou kant te bring om 'n latere gemors af te weer.

Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie, … maar ons is vol moed (2 Kor 5 : 8).

SOEK DIE BYBELVERS.

Verlede keer 22 April 2018 se antwoord: Handelinge 1:26
" Hulle het geloot, en die loting het vir Mattias aangewys. So is hy gekies as die twaalfde apostel. "

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur
Jan Lubbe; Jan Bakker; Una Steyn; Martie Gibson; Klein de Kock; Elma Jansen; Chrissie Pretorius; Judy Greyling

Hierdie week: Soek die Bybelvers
" Toe Noag uit sy roes wakker word en verneem wat ??? sy jongste hom aangedoen het. "

Vraag: Wie was Noag se jongste seun?

Lees gerus Genesis en noem Noag se jongste seun en verskaf die vers waar dit staan, en SMS die naam met jou Naam en Van na 082 873 3173.

GEREFORMEERDE KERK BRAKPAN - GOLFDAG

DONDERDAG 14 JUNIE 2018

AFSLAAN 11:00 TOT 12:30

Speelfooi per 4-bal: R1200

(Sluit ete in by prysuitdeling)

Bespreek jou afslaantyd by

Abel - 082 550 5353

GEREFORMEERDE KERK MOOIFONTEIN BIED AAN PALISSANDER

19 MEI 2018 OM 18:00

Konsert ten bate van orrelfonds vir die unieke meganiese orrel met 1106 pype.

EON MALAN - Orrel

Palissander Kamerkoor:

umShimula - Boom van die lewe

Kaartjies: R120, kinders onder 12 gratis

Sop & brood: R15

Waar: h/v Oranjerivier - en Bergrivierrylaan, Terenure, Kemptonpark.

Bespreek:

Marleen Cowley 083 454 1485

Nico Grobler: 083 573 9286

DIE GEREFORMEERDE KERK MATLABAS VIER VANJAAR SY EEUFEES.

Vir 'n onvergeetlike Bosveld ervaring sluit by ons aan die naweek van 8-10 Junie 2018. Alle oudlidmate, hulle familie en ander kerkgeskiedenis liefhebbers is welkom. Ons verrigtinge sluit onder meer die volgende in:

1) 'n Besoek aan die Marikele wildreservaat waar die tambotieboom staan waaronder die gemeente in 1918 gestig is.
2) Die oopmaak van 'n silinder, wat met die onthulling van die kerk in 1931 agter die hoeksteen gelaat is.
3) 'n Nagmaal toneel opgestel soos in die dae tot die ossewaens nog die kerkplein vol gestaan het.
4) Die bekendstelling van 'n DVD wat spesiaal vir die eeufees vervaardig word.
5) 'n Spesiale erediens op Sondag 10 Junie 2018.
6) Heerlike kuier en kos, soos net in die Bosveld ervaar kan word.

Skakel gerus vir sr Jackie Theunissen op 078 627 7816 of hjtheunissen@gmail.com) vir meer besonderhede en om u bywoning te bevestig.

GK LICHTENBURG 125-JARIGE FEESVIERINGE 2 EN 3 JUNIE 2018

Die Gereformeerde Kerk Lichtenburg vier op 2 en 3 Junie 2018 haar 125-jarige bestaan as gemeente.

Ons nooi alle oudlidmate uit om die naweek saam met die gemeente te vier.

Alle belangstellendes kan skakel met die kerkkantoor vanaf 14:00 – 17:00 – Maandag tot Vrydag by 018 632 1052 of e-pos: gklichtenburg@gmail.com

KOLLEKTES

Kollektes van 29 April 2018

Diens van Barmhartigheid : R 2484
Kerklike tydskrifte : R 525

Vandag:

Onder die diens: Diens van Barmhartigheid

By die deure: Dankbaarheidsfonds

DOEL van dankbaarheidsfonds: Om dankbaarheid teenoor die Here te betoon dat Hy die Gereformeerde Kerke vir 150 jaar bewaar het. Die opbrengs word as addisionele inspuiting bestem om die Emeritaatsversorgingstrust te versterk, kerke wat nie voldoende finansiële middele het nie, te help en historiese geboue van die GKSA in stand te hou.

Volgende week: Emeritaatsversorging

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

OF SNAPSCAN

Diens van Barmhartigheid

Dankbaarheidsfonds